## EBW: BEPLANNING & VOORBEREIDING

| GRAAD | 7 | * | 8 | | 9 | | KWARTAAL | 1 | | 2 | * | 3 | | 4 | | DISSIPLINE | Finan-siële Geletterd heid | * | Entrepre-neurskap | | Die Ekono-mie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **DATUM: : 6 April – 9 April 2020** | | |
| **OPVOEDERS**<br> | **Onderwerp / Inhoud / Begrippe / Vaardighede**<br>**(Wat gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun…)** | **Onderrigmetodes & Klaskamerbestuur-vaardighede**<br>**(Hoe gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun…)** | **Hulpbronne / LTSM**<br>**(Wat gaan ek onderrig/raad gee/ondersteun…)** |
| | Rekeningkundige begrippe: persoonlike inkomste; persoonlike uitgawes; tipes persoonlike inkomste; persoonlike Staat van Netto Waarde; tipes inkomste wat besighede ontvang; tipes uitgawes wat besighede het; spaargeld en beleggings in besigheid | Gebruik voorbeelde in die praktyk om die teorie en praktyk bymekaar te bring. | Handboeke, ePortal en onderrig -en assessesseringsprogramme |
| **OUERS**<br> | Rekeningkundige begrippe | Verduidelik die rekeningkundige begrippe. Onderskei tussen persoonlike inkomstes en uitgawes; tipes inkomste wat besighede ontvant; tipes uitgawes wat besighede het<br>Vra jou kind die verskillende begrippe dat sy/hy dit goed ken (uit die kop uit) | Verwys na ePortal en die onderrig-en assesseringsprogramme |
| **LEERDER AKTIWITEITE**<br> | Leerder aktiweite en notas aan leerders en opvoeders<br><br>Notas: Belangrike begrippe en definisies<br><br>Aktiwiteit 1<br>Aktiwiteit 2 | | |
| **Informele assessering** | Skryf 'n toets oor al die begrippe | | |




**INKOMSTES EN UITGAWES**

| **KONSEP** | **DEFINISIE** |
|---|---|
| PERSOONLIKE INKOMSTES | Geld wat deur 'n spesifieke persoon verdien word en wat gebruik word om van te lewe. |
| PERSOONLIKE UITGAWES | Al die kostes wat 'n mens in jou lewe aangaan om te kan leef. |
| STAAT VAN NETTO WAARDE | 'n Staat van jou finansiële waarde op 'n spesifieke tydperk. |
| FINANSIËLE WAARDE | 'n Persoon se 'rykdom' wat gemeet word deur sy laste (skuld) van sy bates (besittings) af te trek.<br>[netto waarde = totale bates – totale laste] |
| SURPLUS | Wanneer die inkomstes meer is as die uitgawes. |
| TEKORT | Wanneer die uitgawes meer is as die inkomstes. |
| LONE | Word aan die einde van 'n week aan 'n werker betaal. |
| SALARISSE | Word aan die einde van die maand aan 'n werker betaal. |
| STAATSTOELAE | Geld wat die regering aan mense gee om hulle finansieël te help, bv. kindertoelae, ouderdomspensioen of ongeskiktheidstoelae. |

| **TIPES** | **Praktiese voorbeelde** |
|---|---|
| PERSOONLIKE INKOMSTES | • lone of salarisse (geld vir werk gedoen)<br>• rente ontvang (geld wat jy vir beleggings ontvang)<br>• huurinkomste (geld wat jy ontvang as jy bv. jou huis verhuur).<br>• Staatstoelae |
| PERSOONLIKE UITGAWES | • Kruideniersware<br>• Water<br>• Elektrisiteit<br>• Huuruitgawe<br>• Klere<br>• Ensovoorts |

## 2. Persoonlike uitgawes

= al die kostes wat 'n mens in jou daaglikse lewe aangaan.

- akkommodasie
- nutsdienste
- voedsel
- reiskostes
- klerasie
- mediese uitgawes
- premies vir huis, motor en lewensversekering
- vermaak
- rente op skuld







CAMBRIDGE UNIVERSITY PRESS




**Aktiwiteit 1: Persoonlike Inkomste en Uitgawes**

*Vind die konsep (uit kolom B) wat die beste by die definisie (in kolom A) pas. Skryf slegs die letter lang die vraagnommer neer, bv. 1.13 M.)*

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1 | Al die kostes wat ‘n mens in jou lewe aangaan om te kan leef, word persoonlike ... genoem. | A | Kruideniersware |
| 2 | Geld wat deur ‘n spesifieke persoon verdien word en wat gebruik word om van te lewe, word persoonlike ... genoem? | B | Surplus |
| 3 | Geld wat die regering aan mense gee om hulle finansieël te help. | C | Inkomstes |
| 4 | Geld wat jy vir beleggings ontvang word, rente ... genoem. | D | Tekort |
| 5 | Hierdie is 'n voorbeeld van 'n staatstoelaag. | E | Salarisse |
| 6 | Hierdie is 'n voorbeeld van persoonlike uitgawes. | F | Staatstoelae |
| 7 | Wanneer die inkomstes meer is as die uitgawes. | G | Lone |
| 8 | Wanneer die uitgawes meer is as die inkomstes. | H | ontvang |
| 9 | Word aan die einde van die maand aan werkers betaal. | I | ongeskiktheidstoelaag |
| 10 | Word aan die einde van ‘n week aan werkers betaal. | J | netto |
| 11 | ‘n Persoon se ‘rykdom’ wat gemeet word deur sy laste (skuld) van sy bates (besittings) af te trek, word finansiële ... genoem. | K | uitgawes |
| 12 | ‘n Staat van ... waarde word gebruik om jou finansiële waarde op ‘n spesifieke tydperk te meet. | L | waarde |









**Aktiwiteit 2: Persoonlike Inkomste en Uitgawes**

*Die volgende is 'n lys van al die goed in Susan se kamer:*

| | **Waarde** |
|---|---|
| Bed | 350 |
| Klere | 1 500 |
| CD speler met CD's | 350 |
| Selfoon | 1 200 |
| Bedlamp | 50 |
| Beddegoed | 500 |
| Rekenaar | 3 000 |

Susan het R300 in haar bankrekening. Sy skuld haar ma R200. Sy skuld haar boetie R50 vir 'n CD wat sy by hom gekoop het. Sy het snoepieskuld van R120.

Bereken Susan se netto waarde deur die volgende Staat van Netto Waarde te voltooi:

Susan
Staat van Netto Waarde soos op ..................................... (datum)

| **BATES** | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **LASTE** | |
| | |
| | |
| | |
| **NETTO WAARDE (Suplus of Tekort?)** | |




